# Vossie Inligtingsblad

2026

# LAERSKOOL TINI VORSTER

## VISIE VAN DIE SKOOL

**Kwaliteit onderrig en geleentheid vir geheel- en kind ontwikkeling.**

## 2026

### HOOF
Mnr. J. Louwrens

### DEPARTEMENTSHOOFDE
Me. H.J. Fourie - DPJ
Mnr. R. Geyser - DPS

### BEHEERLIGGAAM: VOORSITTER
Dr. C.E. Barnes

### ANDER LEDE
Mnr. D. Brits
Me. N. Fourie
Mnr. G.W.F. Kuün
Mnr. R. Pretorius
Dr. W.H. Steyn
Me. L. Stoltz
Me. E.A. van Aswegen

# *Wat bied Laerskool Tini Vorster jou!*

Laerskool Tini Vorster is sentraal geleë in Nigel en maklik bereikbaar vir ouers en kinders in Nigel en omgewing.

Laerskool Tini Vorster beskik oor toegewyde personeel wat betrokke is by elke leerling. Persoonlike aandag word aan elke leerling se prestasie en probleme gegee. Die onderwysers is die room van die onderwyskorps en hulle stabiliteit verseker die beste resultate vir die skool. Hier word vriendskappe oor die jare opgebou tussen kinders, ouers en personeel.

Laerskool Tini Vorster sal u kind op akademiese gebied die beste grondslag gee. Spesiale aandag word gegee aan remediërende onderwys. Ons beskik ook oor 'n klas vir leerders met Spesiale Onderwys Behoeftes. .

Ons leerlinge blink uit op alle sportgebiede. Voldoende fasiliteite en die beste afrigting is tot hulle beskikking.

Die leerlinge speel aktief skaak en neem deel aan opvoerings en kunswedstryde. Die skoolkoor, spreekkoor, revuegroep en slagorkes het al bekendheid verwerf.

Gee u kind 'n voorsprong in die lewe. As u meer oor ons skool te wete wil kom of u kind se onderwyser/es wil ontmoet, skakel ons gerus en maak 'n afspraak.
Ons telefoonnommer is 011-814-6470/1
E.pos: admin@tinivorster.co.za Webwerf: www.tinivorster.co.za

## *Ouer- Onderwyserverhouding*

Die personeel wil met u samewerking, graag vir u kind die beste gee. Ons kan dit alleen vermag met u ondersteuning.

1. Maak tyd om u Hoof en personeel te ontmoet en te kom uitvind hoe u kind op skool vorder. Skakel en maak 'n afspraak.

2. As daar iets is wat u nie verstaan nie of as u ongelukkig is oor gebeure, kom sien ons. Dit dien geen doel om by die huis te sit en af te blaas nie.
   Ons vra u ook vriendelik om nie enige negatiewe kommentaar op sosiale netwerke te plaas nie aangesien dit baie skadelik is vir die skool se beeld.

3. Moenie 'n personeellid met u kind "bespreek" nie. Dit is nie opvoedkundig nie en breek net gesag af.

4. Stel belang in u kind se werk. Maak tyd en toon belangstelling. Bou aan u kind se selfbeeld.

5. U kind vra nie net teregwysing en tug as hy die dag verbrou het nie. Prys hom ook as hy die dag presteer. Meer kan bereik word deur hulle positief te motiveer. Dit geld ook vir die personeel. Ons wil u nie net sien die dag as u probleme het nie. 'n Woord van waardering en dank kan veel doen om die onaangename te vergeet en te bou op dit wat mooi en edel is.

# GEDRAGSKODE EN SKOOLREëLS

## SKOOLTYE

1. Die Skool begin stiptelik om **07:30** en verdaag vir Graad R, en die Speelgroepies om **13:00**. U kind word deur 'n onderwyseres na die toegangshek in Kingsway geneem. Hek nr. 5
2. Indien niemand hom/haar kom afhaal nie, word u kind om 13:10 na die wagklas teruggeneem. Die toegangshek word dan weer gesluit om veiligheid te verseker. **GEEN KIND SAL TOEGELAAT WORD OM BUITE DIE SKOOLHEK VIR SY/HAAR OUERS TE WAG NIE.**
3. Aangesien u kind na die betrokke hek begelei word, word u vriendelik versoek om **BY DIE HEK** vir u kind te wag en nie voor u kind se klas saam te drom nie.
4. Die res van die skool Gr. 1 – 7 verdaag om **13:30.**
5. Leerders wag onder toesig vir vervoer tot om 14:00. Geen kind word na afhandeling van sportoefeninge, op die skoolterrein sonder toesig toegelaat nie.
   Die naskoolsentrum lewer 'n diens vir toesig van leerders. Reëlings moet net getref word.

## GEDRAGSKODES VIR LEERDERS

**Ek strewe na die:**

- Voortbestaan, behoud en identiteit van ons volk se Afrikaans, Christelike Kultuur deur Geloof, Hoop en Liefde prakties uit te leef.
- Om in alle opsigte getrou te wees aan Laerskool Tini Vorster.
- Reinheid ten opsigte van my werk, persoon, gedagtes en gedrag sodat ons deel kan wees van 'n opgevoede gemeenskap.

**1. Gedrag**

* Gehoorsaam aan my ouers en onderwysers te wees en hulle te respekteer.
* My te onderwerp aan gesagstrukture en om saam met die leerlingraad te werk.
* Eerbied te betoon teenoor medeleerlinge en hulle eiendom te respekteer.
* Skoolreëls te eerbiedig.
* My skooldrag netjies en volgens voorskrif te dra.
* Binne en buite skoolverband altyd waardig op te tree.

**2. Akademie**

* My huiswerk elke dag getrou te doen.
* Op akademiese gebied my beste te lewer.
* My skoolwerk bo alle ander aktiwiteite te stel.
* My volle samewerking in die klassituasie te gee, sodat almal teenwoordig kan baat vind by die onderrig wat plaasvind.
* Indien 'n leerder tydens toets of eksamen afwesig is moet 'n doktersbrief of begrafnisbrief ingehandig word.

**3. Sport**

* Slegs my beste te lewer in elke aktiwiteit waarmee ek besig is en waarin ek my skool verteenwoordig.
* Erkenning te gee aan die wat hom/haar op 'n besonderse wyse onderskei.
* Samewerking aan my afrigter te gee.

* Trots te wees op my skool se sukses.
* Positief te wees as ek verloor.
* My te weerhou van negatiewe kritiek.
* My spanmaats, opponente en skeidsregters te respekteer.
* Volhard tot die einde as ek met ‘n sportsoort begin het.

**4. Kultuur**

* Om getrou te wees teenoor my volk, kerk en gemeenskap waartoe ek geroep is om sodoende ‘n volwaardige burger te wees.
* Al my talente sodanig aan te wend dat ek die God mag eer wat dit aan my toevertrou het.
* In kompeterende omstandighede te hou by die riglyne soos hierbo by die “Sport” omskryf is.

**5. Buite skoolverband**

* Ledigheid te vermy en myself produktief te hou.
* Deel te neem aan die aktiwiteite wat die riglyne hierbo ondersteun.

**6. Dienslewering**

* Die gemeenskap te dien waar my bydrae, vaardighede en insette ‘n verskil kan maak.
* My inisiatief te gebruik waar probleemsituasies opduik.
* Hulpvaardig te wees in klas- en skoolverband.
* Om om te sien na minderbevoorregtes en hulpbehoewendes.

**7. Persoonsbeeld**

* Respek te verwerf met my houding teenoor andere.
* Vergewensgesind te wees teenoor persone wat my te na gekom het.
* My te weerhou van enigiets wat my medemens kan kwets, skaad en verkleineer.

## GEDRAGSKODE VIR SPELERS

1. Deel te neem volgens reëls.
2. Argumenteer nooit met ‘n skeidsregter nie.
3. Beheer jou humeur.
4. Werk ewe hard vir jouself en jou span.
5. Handhaaf ‘n goeie sportmansgees.
6. Behandel ander spelers soos jy behandel wil word.
7. Werk saam met jou afrigter, spanmaats en opponente.
8. Neem deel vir die genot van die spel en nie vir ouers en afrigters nie. Wen is ‘n bonus.
9. Korrekte sportdrag te dra vir elke sport aktiwiteit. Kleefbroeke mag nie alleen gedra word nie.

## GEDRAGSKODE VIR OUERS

1. Onthou kinders neem deel aan sport vir hulle genot en nie joune nie.
2. Bemoedig kinders om deel te neem, moet hulle nie dwing nie.
3. Fokus op u kind se vaardighede en vermoëns, eerder as op die wenmotief.
4. Moedig u kind aan om deel te neem volgens die sportreëls.

5. Moenie op u kind skree / afbrekende aanmerkings toesnou wanneer hulle ‘n fout begaan het nie.
6. Onthou dat kinders deur voorbeeld leer. Erken goeie spel deur alle spelers.
7. Ondersteun alle pogings en verwyder alle verbale en fisiese mishandeling tydens sportgeleenthede.
8. Respekteer beamptes se besluite en leer u kinders dieselfde. Moenie met die spel of beamptes inmeng nie.
9. Betoon waardering vir vrywillige afrigters, beamptes en administrateurs. Sonder hulle sou u kind nie kon deelneem nie.

## PERSOONLIKE VOORKOMS

**1. Leerlinge moet die volle skooldrag dra.**

**2. Seuns (Kleuters en Gr. R ingesluit)**

* Hare moet so ‘n lengte hê dat dit heeldag netjies sal vertoon.
* Die volgende voorwaardes geld:
  - Reguitsnit (square cut) word toegelaat;
  - Die hare bokant die haarlyn moet geleidelik weggesny wees. ‘n Matraskop word nie aanvaar nie.
  - Bokant die ore moet die hare ook kortgeknip wees sodat dit nie oor die ore hang nie.
  - Haarlyn agter minstens 1 cm bokant die kraag.

* Indien ‘n kuif gedra word, moet dit nie oor die wenkbroue kan sak nie en so wees, dat indien dit afgekam word die hare nie verby die ooglyn strek nie. Die kuif moet gelyke lengte hê.
* Seuns wat hulle hare normaalweg oor die voorkop kam, se haarlyn mag nie nader as 2 cm van die wenkbroue wees nie.
* Borselkop word toegelaat mits die lengte bo nie 2 cm oorskry nie en die hare ewe lank is.
* Geen kultusneiging word toegelaat nie bv. Punk-styl, steps, Rasta, stertjies, skinheads en ekstreme afwykings van die normale aanvaarbare skoolhaarstyle nie.
* Seuns word wel toegelaat om “Comb-over” te dra, mits die bo deel en geskeerde deel nie met meer as twee kammetjies verskil nie. Geen streep mag ingesny word nie.
* **Bleiking en verkleuring is ontoelaatbaar.**
* Geen aansmeermiddel bv. “jel” ens.
* Geen neus-, oog-, oor- naeltjie- of tongringe word toegelaat nie.
* Geen tatoeërmerke of lyfplakkers is enigsins toelaatbaar nie.

**3. Dogters (Kleuters en Gr. R ingesluit)**

* Die kant van die gesig moet oop en vry van loshangende hare wees. Geen loshangslierte nie.
* Indien ‘n kuif gedra word, moet dit nie oor die wenkbroue kan sak nie en so wees, dat indien dit afgekam word, die hare nie verby die ooglyn strek nie. Die kuif moet gelyke lengte hê.
* Sodra die hare die middel van die baadjiekraag raak, moet dit vasgemaak word in ‘n poniestert.
* Gepluisde (tease) hare is verbode.

NB. Poniesterte en vlegsels word met die voorgeskrewe kleure bolletjies of linte

vasgemaak, bv. die skoolkleure wit en blou. T.o.v. haarknippies: dit moet funksioneel wees en nie net as ‘n versiering gedra word nie. Geen knippies met motiewe op nie. Wanneer bolletjies en knippies (gelyktydig) gedra word, moet dit van dieselfde kleur wees. Slegs skoolkleure word toegelaat.

* Permanent gegolfde hare (“perm”) word nie toegelaat nie.
* Die volgende voorskrifte/reëls word sterk beklemtoon en die minagting, oortreding daarvan in ‘n baie ernstige lig beskou.
* Gekleurde hare is absoluut verbode.

4. **LW. GEEN van die volgende bymiddels word in hierdie verband toegelaat nie:**
   * Peroksied/waterstofperoksied, “seepbleik”
   * Spoelmiddels bv. “Nice and Easy”, ens.
   * Ligstrepe in hare – “High Lights”
   * “Wet look” jel
   * Geen loshangstertjies (duiwelstertjies) nie.
   * Geen haarsproei wat hare hard of taai maak nie
   * Geen vorm van grimering word toegelaat nie
   * ‘n Seëlring, polshorlosie (dames – sonder versierings en gelukbringers) en voorgeskrewe oorringe mag gedra word.
   * Slegs een oorring (per oor) (maks. 20 mm in deursnee) of knoppie in goud of silwer mag gedra word en wel slegs in die onderste gaatjie van die oorlel. Geen gekleurde steentjies of vorms is toelaatbaar nie.
   * Naels mag nie van palmkant van die hand af sigbaar wees nie.
   * Geen naellak is toelaatbaar nie.
   * Geen kortbroeke mag onder skoolrokke gedra word nie. Skoolbroeke en voorgestelde kleefbroeke is by Selworths en Bombays beskikbaar. Geen ander kleefbroek mag gedra word nie.
   * Geen versiering bv. ringe, bande of kettings mag gedra word nie.
   * Roklengte mag nie korter as 10 cm bokant die knie wees nie.
   * Geen tatoeërmerke of lyfplakkers is enigsins toelaatbaar nie.

**5. Algemeen**

Leerlinge word daarop gewys dat dit elkeen se plig is om te alle tye volgens die reëls te handel en dat dit nie nodig moet wees om streng op te tree nie. Ouers word vriendelik uitgenooi om betyds met die Hoof te skakel indien probleme in die verband ondervind word.

## PERSOONLIKE GEDRAG

1. Leerlinge mag nie rook nie. Geen rooktoestel (Vape) of alternatiewe plaasvervanger mag gebruik word, by die skool of enige openbare plek nie.
2. Leerlinge se **gedrag op straat en in busse moet onberispelik wees.**
3. **Geen fisiese kontak of hande vashou** tussen leerlinge van die teenoorgestelde geslag word op die skoolterrein toegelaat nie. Die reël geld ook enige plek waar leerders in skooldrag geklee is.
4. **Geen kougom** word toegelaat nie.
5. Geen houers met vloeistof (koeldrank, ens) word in tasse toegelaat nie.
6. Speelgoed hoort tuis en mag nie skool toe gebring word nie.
7. Daar mag nie in skoolbussies geëet word nie.
8. Respekteer busbestuurders en tree hoflik op.

## AFWESIGHEDE

1. Leerlinge mag nie die skoolterrein sonder toestemming verlaat nie. Veral met funksies soos Lentedag, Kermis, Vossiekaskenades en Entrepreneursdag.
2. Leerlinge wat afwesig was moet **onmiddelik by hulle terugkeer 'n brief van die ouers, begrafnisbrief of mediese sertifikaat** by sy/haar klasonderwyser inhandig.
3. Op die laaste dag van die kwartaal sluit die skool om 10:00. Reël asseblief u vakansie vertrektye daarvolgens.

## AFSPRAKE MET TANDARTSE EN GENEESHERE

Indien dit dringend noodsaaklik is dat leerlinge afsprake tydens skoolure moet nakom, moet die ouers die oggend 'n brief met die nodige besonderhede by die klasonderwyser inhandig. Alleen noodgevalle sal toegestaan word. **Ouers moet die kind dan self by die skool kom haal en kom uitteken in die kantoor.**

## OGGEND VóóR SKOOL

1. Die skool begin om **07:30** en geen **laatkommery sal toegelaat** word nie. Laatkommers meld by die kantoor aan.
2. Leerlinge wat vroeg kom, plaas hulle tasse netjies in rye voor die klas en gaan onmiddellik speelgronde toe.
3. Geen leerling mag weer hul tas oopmaak buite die klas, gedurende pouse of vóór skool nie.
4. Geen leerlinge word voor skool of gedurende pouses in die vierkant toegelaat nie.
5. Wanneer die klok lui, moet leerlinge onmiddellik gaan aantree. Maandae en Vrydae by die saal, Dinsdae – Donderdae by hul registerklas.

## KLASWISSELING

1. Aan die einde van 'n periode, moet leerlinge op bevel van die onderwyser, boeke inpak en **wag vir toestemming om te stap** na die volgende klas.
2. Alle ruilklasse se personeel gaan, wanneer die klok lui, na buite om **die dissipline te help handhaaf,** al ruil die betrokke klas nie. Die personeellid stap eerste uit en maak seker dat die verkeer so is dat sy klas kan uitstap.
3. Klasse moet stiptelik ruil om te verseker dat geen opeenhoping plaasvind of dat 'n kollega vir sy volgende klasse wag nie.
4. Geen skooltas of sportsak word oor die skouer gedra wanneer leerders 'n klas binne gaan of verlaat nie.
5. Geen skooltas of sportsak met wieletjies word op die stoepe gesleep nie.
6. Sportsakke mag nie as tasse gebruik word nie. Die skooltas moet stewig met afskortings wees sodat boeke nie beskadig en verniel word nie.
7. Leerlinge stap flink in dubbelrye na die volgende lokaal.
8. Niemand mag gedurende klaswisseling gesels, die rye verlaat of kleedkamer toe gaan nie.

## IN DIE KLASKAMER

1. Leerlinge aan diens moet sorg dat die klaskamer netjies vertoon.
2. Leerlinge moet stil wees in die klaskamer.
3. Geen leerling mag plekke ruil sonder toestemming nie.
4. Tasse moet **onder stoel gebêre word,** nie in die paadjie nie.
5. **Geen etery sal in die klas geduld word nie.**
6. Daar mag nie op banke, mure, vensters of toerusting in die klas geskryf of

gekrap word nie.

7. Geen leerling mag voor skool of gedurende pouse sonder toesig in die klaskamer wees nie.

8. Kostes wat voortspruit uit onverskillige optrede soos die moedswillige beskadiging van besproeiingspype, breek van ruite, ens. sal van die betrokke leerling se ouers verhaal word.

## KLEEDKAMERS

1. Kleedkamers moet die skoonste plekke in die skool wees.
2. Niks mag in die kleedkamers ingedra word nie. Geen papiere, stokke, eet- of drinkgoed nie.
3. Daar mag nie in die kleedkamers gespeel word nie.
4. Senior leerlinge mag nie in die Juniors se kleedkamers wees nie. Die omgekeerde is ook van toepassing.
5. Die kleedkamers mag nie verniel word nie. Bv. Skop teen mure, afbreek van krane, breek van spieëls, toiletpapier gooi teen dakke en mure ens.

## SPEELGRONDE EN POUSE

1. Geen rowwe speletjies mag gespeel word nie, “tackle” rugby”, “open the gate” ens.
2. Geen vloekery of bakleiery sal toegelaat word nie.
3. Daar mag nie by die motors, fietsloods of op netbalbane gespeel word nie.
4. Leerlinge moet op die plekke wat aan hulle toegeken is, speel:
   Gr. 1 dogters en seuns voor hulle klasse; Gr. 2 dogters speel voor hulle klasse; Gr. 3 dogters voor die Mediasentrum, Gr. 2 – 7 seuns op die rugbyveld en Gr. 4 – 7 dogters op terrein rondom snoepie.
5. Niemand mag die terrein sonder toestemming verlaat nie.
6. Leerlinge ruil met die aanvang van pouse en moet na pouse direk na die volgende periode se klas gaan.
7. Geen leerlinge mag in die tuine en tussen die blomme speel nie.
8. Geen leerlinge mag op fietse binne skoolterrein ry nie.
9. Geen rolskaatse, skaatsplanke, skopfietse of “heelies” word op skoolterrein toegelaat nie. (Ook nie tydens vakansietye nie)
10. Geen leerling mag met enige sprinkelsproeiers lol nie.
11. Geen gespelery word op enige pawiljoen toegelaat nie.
12. Probleme wat op speelgronde voor of na skool en gedurende pouses ontstaan, moet eers na die leerlingraad verwys word, dan na die personeel wat op speelgronddiens is en laaste na die Adjunkhoof / Dissiplinehoof.
13. Geen rommelstrooi word toegelaat nie.
14. Geen leerlinge vanaf gr. 1 tot 7 word op die Gr. R-leerlinge se klim-en-klouter toegelaat nie.
15. Geen kleuters mag sonder toesig op die klim-en-klouter apparaat speel nie.

## MOTORS

1. Geen leerling mag in die parkeerterrein wees nie.
2. **Ouers mag nie binne die skoolterrein kinders op of aflaai nie. ‘n Ongeluk gebeur maklik.**
3. Die sperstrepe by die voetoorgange en toegangshekke moet te alle tye gehoorsaam word, selfs al is ouers teenwoordig.
4. Die padreëls t.o.v. skolierpatrollie moet deur ouers en leerders gehoorsaam word.

## LEIERS

1. Leerlingraadslede is daar vir julle eie veiligheid en moet gehoorsaam word.
2. **Leerlinge wat 'n probleem het of veroorsaak, moet deur die leerlingraadslede na die onderwyser aan diens of voogonderwyser geneem word.**

## BUITEKURRIKULêRE AKTIWITEITE

Die volgende buitekurrikulêre aktiwiteite word aangebied en leerlinge moet poog om ten minste een somer- en een wintersport asook een kulturele aktiwiteit te beoefen:

**Atletiek, Jukskei, Krieket, Landloop, Mini-krieket, Mini-netbal, Netbal, Rugby, Valkierugby, Hokkie, Mini-hokkie, Skaak**





**Koor, Praatkoor, Redenaars, Revue, Slagorkes, Vossie Christelike Jeugvereniging, Vossiegents en Vossiepretgroep**

Daar word ook gereeld aan Kunswedstryde en Opvoerings deelgeneem.

## SKOOLDRAG

Skooldrag dien as beskerming en versiering, maar ook as maatstaf om die draer te identifiseer.

**Eenvormige skooldrag** bevorder ook selfdissipline, skep 'n samehorigheidsgevoel en kweek 'n trots aan vir dit wat jou eie is.

As almal dieselfde skooldrag dra is daar nie so 'n groot onderskeid tussen bevoorregte en minder bevoorregte kinders nie.

1. **SKOOLKLEURE**: Hemelsblou en wit met 'n vlootblou (navy) agtergrond.

2. **MERK VAN KLERE:** **<u>Alle kledingstukke moet</u>**, om navrae na verlore goedere uit te skakel, **<u>gemerk word</u>**. Ongemerkte klere sal nie deur die personeel gesoek word nie.

3. **VERSKAFFERS:** Selworth's in Hendrik Verwoerdstraat 14, Nigel en Bombay Bazaar is die amptelike leweransiers van ons skooldrag.

   1. **SKOOLSWEETPAKKE** mag nie saam met gewone skooldrag gedra word nie. Dit mag wel op Vrydae saam met Vossiedrag gedra word, sowel dae waarop sportbyeenkomste / wedstryde plaasvind.

   2. **INFORMELE SKOOLDRAG:** **<u>Winter:</u>** Is 'n **blou** lang denim met 'n b**lou** Vossiehemp en 'n skooltrui of 'n informele warmbaadjie met skoolwapen. Geen geskeurde denims is toelaatbaar nie. Klub of spandrag is nie toelaatbaar nie. Slegs tekkies word gedra. Geen stewels ("boots") is toelaatbaar nie.
   **<u>Somer:</u>** Lang of knie- denim of Vossie kortbroek met tekkies, plat sandale of kaalvoete. Indien 'n kamisool gedra word moet dit koningsblou of wit wees.
   Leerders dra die dag wat hul verjaar, hul informele skooldrag.

   3. **NUWE LEERLINGE:** Word toegelaat om die erkende skooldrag van sy/haar vorige skool te dra, om vermorsing te voorkom.

4. **<u>SOMERSDRAG:</u>** **(Oktober tot April)**
   *<u>Dogters:</u>*
   Vlootblou skoolrok. Kort wit sokkies sonder frilletjies of valletjies. Swart skoolskoene met skoenveters of gespe. Geen groot gespes word toegelaat nie. **Hemelsblou of wit haarstrik, lint, balletjies, knippies of haarband.** Vlootblou kleurbaadjie met wapen op sak of 'n blou skooloortrektrui.
   *<u>Seuns:</u>*
   Donkerblou safaripak met skoolwapen op sak. Donkerblou, lang skoolkouse met 'n ligte blou en 'n wit streep. Swart skoolskoene met skoenveters of gespe. Geen groot gespes word toegelaat nie. Vlootblou kleurbaadjie met wapen op sak of 'n blou skooloortrektrui.
5. **<u>WINTERSDRAG:</u>** **(Mei tot September)**
   *<u>Dogters:</u>*
   Vlootblou skoolrok. Skooltrui en/of kleurbaadjie. **Donkerblou skoolbroekiekouse** ("tights"). Geen sykouse word toegelaat nie. Swart skoolskoene met skoenveters en gespe. Geen groot gespes word toegelaat nie.
   *Opsionele Wintersdrag:* Wit langmou hemp met skooldas. Grys skoollangbroek. Kleurbaadjie en/of skooltrui.
   *<u>Seuns:</u>*
   Wit hemp met skooldas. Grys langbroek. Vlootblou skoolkouse. Swart skoolskoene met skoenveters en gespe. Geen groot gespes word toegelaat nie. Kleurbaadjie en/of skooltrui.
   **Serpe mag gedra word, vlootblou of wit en nie langer as 100 cm nie.**
   **GEEN leerling mag 'n "Dri-mac" dra nie.**

9. Vrydae mag leerlinge in *Nasionale of Provinsiale drag* wat leerling self verwerf het skool toe kom. Indien net 'n baadjie moet skooldrag saam gedra word.

10. Erekleure wapen en lapbalkies kan slegs op skoolkleurbaadjies gedra word.

## SPORTDRAG

Die volgende is voorgeskrewe sportdrag vir die verskillende sportsoorte en slegs hierdie drag is toelaatbaar. Geen ander drag mag tydens byeenkomste en / of wedstryde gedra word nie. Gedurende die winter of koue dae kan die skoolsweetpak, skooltrui of informele warmbaadjie gedra word.

**<u>Atletiek</u>**
Seuns en Dogters: Atletiekdrag en skoolsweetpak. Indien die leerlinge nie 'n skoolsweetpak het nie, mag 'n <u>skooltrui</u> gedra word.

**<u>Landloop</u>**
Skoolatletiekklere of 'n blou Vossiehemp met 'n blou Vossiebroek.

**<u>Jukskei</u>**
Blou denim langbroek met Vossiehemp. As dit koud is – skooltrui oor Vossiehemp.

**<u>Netbal en Mini-Netbal</u>**
Sportrokkie met wit kouse en tekkies wat deur die ouers aangekoop word.

**Hokkie**
Sportrokkie. Ouers koop die regte skoene, "shins" en toerusting aan. Lang kouse volgens spankleure word gedra.

**Krieket en Mini-Krieket**
Wit rugbybroek met blou Vossiehemp of wit gholfhemp met kraag (géén advertensie tensy 'n borg se embleem daarop is). Die eerstespan het 'n keuse met die skool se kleure, blou grys en wit, Skoolkouse met tekkies (sportskoene) en skooltrui. 'n Wit oortrektrui (pullover) is ook aanvaarbaar.

**Rugby**
Die skool voorsien die truie. 'n Wit rugbybroek word gedra. Die eerste span word toegelaat om 'n blou broek as alternatief te dra. 'n Skoolsweetpak of skooltrui word aanbeveel vir koue dae.

## ALGEMENE KOMMUNIKASIE

Die **D6-Kommunikeerder en Whatsapp groepe** word gebruik vir alle belangrike inligting/boodskappe wat vanaf die kantoor gestuur word.

**Sosiale Media** - Die gebeure kan op die skool se facebook-blad gevolg word en ook die skool se **webtuiste: www.*tinivorster.co.za***

**Rekeningvorm:** Dit moet deur die ouer geteken en deur die leerling by sy voogonderwyser ingehandig word as **erkenning dat die rekening wel ontvang is.**

## CCTV-KAMERAS

Die kameras word hoofsaaklik aangebring om enige vorm van ongewenste of ongedissiplineerde gedrag so ver moontlik te bekamp of te verhoed, en so die lewensgehalte van alle persone op die terrein van Laerskool Tini Vorster te optimaliseer, aangesien geen vorm van bedreiging van 'n persoon, persone of eiendom op die terrein onder enige omstandighede toegelaat sal word nie.

## BRANDTOERUSTING

Leerlinge mag onder geen omstandighede met brandblussers en brandslange speel nie. Dit is daar vir julle veiligheid.

## ELEKTRIESE SKAKELBORDE

Geen leerling mag enige elektriese skakelbord oopmaak of beskadig nie.

## SELFONE

* Leerders mag selfone skooltoe bring, geen selfoon mag gedurende skoolure aangeskakel of sigbaar wees nie. As hierdie reël oortree word sal die selfoon vir die kwartaal (3 maande) geneem word.
* Die skool aanvaar geen verantwoordelikheid vir diefstal van selfone nie en kan ook nie tyd afstaan om verlore selfone te help soek nie.
* Diefstal van selfone is 'n kriminele oortreding en kan lei tot vervolging en inhegtenisneming.

* Die skool aanvaar geen verantwoordelikheid vir multi-media geskille tussen ouers / kinders nie.

* Die skool aanvaar geen verantwoordelikheid vir onbehoorlike en onbetaamlike materiaal op kinders/ouers se selfone nie. Enige insident sal met die Beheerliggaam opgeneem word.

* Geen leerling mag hul ouer/s skakel om hul te kom haal as hul siek is, as die skool nie daarvan bewus is nie.

## FINANSIëLE AANGELEENTHEDE

### 1. FINANSIëLE BESTUUR VAN DIE SKOOL

Die Beheerliggaam aanvaar die verantwoordelikheid vir die finansiële bestuur van die skool en die generering van fondse om vir alle uitgawes van die skool, buiten die salarisse van die personeel op die departementeel goedgekeurde diensstaat, te betaal.

### 2. FINANSIëLE VERPLIGTINGE

Die Beheerliggaam van Laerskool Tini Vorster dra die verantwoordelikheid om, benewens die salarisse wat ten opsigte van die vergoeding van personeel, van die staat ontvang word, fondse ter delging van die balans van die bedryfsuitgawes, self te genereer.

Fondse sal gegenereer moet word om onder meer die volgende lopende uitgawes, betrokke by die bedryf van die skool, te delg:

- Instandhouding van geboue, terrein en toerusting
- Herstelwerk
- Telefoonrekeninge
- Ouditeursgelde
- Munisipale gelde en heffings
- Administratiewe uitgawes
- Versekeringspremies op geboue en toerusting
- Bankkoste
- Bemarking
- Handboeke, skrifte, skryfbehoeftes en ander verbruikbare voorraad
- Brandstof, dienste en vervoer
- Lone en salarisse van personeel wat buite die departementele diensstaat in diens geneem word

### 3. FINANSIëLE INKOMSTE

#### 3.1 ONDERRIGGELDE

‘n Beheerliggaam het die bevoegdheid om onderriggelde vas te stel en betaling daarvan af te dwing.

Die Beheerliggaam sal met in agneming van die behoefte van die skool en die sosio-ekonomiese status van die skoolgemeenskap, elke jaar **gedurende Oktober oor die volgende beginsels besluit:**

- die **verpligte bedrag betaalbaar per leerling** per jaar
- die **wyse van betaling**, en
- **hulp aan behoeftige leerlinge.**

## 3.2 VRYSTELLING VAN VERPLIGTE ONDERRIGGELDE:

Ouers kan jaarliks aansoek doen om vrystelling by die skool voor einde Februarie van die betrokke jaar.

**Vrystelling is slegs vir een jaar geldig**

- **daar moet dus jaarliks aansoek gedoen word.**
- **Vrystelling word nie van een skool na 'n ander oorgedra nie.**
- **Die ouer moet self kom teken vir die vorm en dit self weer terug besorg.**

## 3.3 FONDSINSAMELINGSPROJEKTE

Deelname aan en ondersteuning van Fondsinsamelingsprojekte word gevra om ons skoolbegroting te laat balanseer.

## MET TROTS DRA ONS VOSSIEBALKIES

By Laerskool Tini Vorster het ons 'n Vossie-balkiestelsel om die leerlinge aan te moedig tot deelname, hetsy in sport, kultuur of dienslewering. Aan elke aktiwiteit word 'n punt toegeken wat na afhandeling van die aktiwiteit deur die aktiwiteitshoof aan die kind toegeken word. Die puntevereistes vir elke balkie is soos volg:

| | |
|---|---|
| Wit balkie: | Totaal van 300 punte |
| Ligblou balkie: | Totaal van 900 punte |
| Donkerblou balkie: | Totaal van 1500 punte |
| Silwer balkie: | Totaal van 2100 punte |
| Goue balkie: | Totaal van 2700 punte |
| Silwer lapbalkie: | Totaal van 3500 punte |
| Goue lapbalkie: | Totaal van 4300 punte |
| Ster toekenning: | Totaal van 5300 punte |

Die Ster toekenning sal dus in uitsonderlike gevalle toegeken/verwerf kan word.

Omdat daar leerlinge is wat nie sportief is óf wat nie baie in kultuuraktiwiteite belangstel nie, ken ons punte toe wat bekend staan as "Ambassadeurspunte". 'n Volbloed Vossie kan deur dienslewering 'n maksimum van 25 punte per kwartaal verwerf bv. 5 punte vir hulp met opruim na byeenkomste. 50 Vossiepunte kan verwerf word indien ouers Ouervergaderings bywoon.

Indien 'n leerder vir 'n kwartaal geen oortredings begaan het nie, kan hy/sy aan die einde van die kwartaal **25 Vossiebalkie punte verwerf vir handhawing van dissipline.**

Skoolbywoning: 25 Vossiebalkie punte per kwartaal vir 100% bywoning.

Vir die volgende aktiwiteite kan 'n maksimum van 100 punte verdien word: Atletiek, Dienslewering, Jukskei, Koor, Krieket, Mini-Krieket, Praatkoor, Netbal, Mini-netbal, Rugby, Valkierugby, Revue, Skaak, Slagorkes, Landloop, Hokkie, Vossiepretgroep en Redenaars.
Afwesig van 'n oefening of wedstryd sonder verskoning verloor die leerder punte.
Geen leerders wat voortaan nie saam met die groep / span by die skool oefen sal met Vossiepunte beloon word nie. Indien 'n leerder buite-afrigting ontvang, moet dit buite skool afrigtingstye geskied, anders verbeur hulle Vossie deelname punte.

Kunswedstryd deelname: 10 Punte vir elke item wat deur die skool ingeskryf is. (Maksimum van 100 punte).

Met ons Fondsinsamelingsprojekte verdien die wenner in die skool 30 punte, 2de – 25 punte, 3de – 20 punte en elke klaswenner 15 punte. Elke leerder wat 'n wins van R30-00 en meer inbetaal, ontvang 10 punte. Deelname kry 5 punte.

## Toekennings wat tydens prysuitdelings ontvang kan word:

1. Sertifikaat

2. Meriete kleure:

→ Eerste meriete = Blou lapbalkie (Sport en Kultuur)
→ Tweede meriete = Brons lapbalkie (Sport en Kultuur)

3. Prestasie kleure:

→ Eerste prestasie = Silwer lapbalkie (Sport en Kultuur) (3de Meriete)
→ Tweede prestasie = Goue lapbalkie (Sport en Kultuur)

4. Erekleure:

→ Eerste benoeming erekleure = Silwer sakwapen
→ Tweede benoeming erekleure = Silwer koord
→ Derde benoeming erekleure = Goue sakwapen
→ Vierde benoeming erekleure = Goue koord
→ Vyfde benoeming erekleure = Goue ster (Aansteekspeld)

## AKADEMIE

**1. Uitmuntende prestasie**:

Leerders wie se gemiddeld deurgaans 80% en hoër vir die jaar was.

Indien 'n leerder se gemiddeld bo 80% is vir die volgende jare kan 'n tweede tot agtste uitmuntende prestasie ontvang word.

- 1ste (Gr. R – 7) uitmuntende prestasie = Sertifikaat – Akademie
- 2de uitmuntende prestasie = Koningsblou lapbalkie - Akademie
- 3de uitmuntende prestasie = Wit lapbalkie - Akademie
- 4de uitmuntende prestasie = Ligblou lapbalkie (Meriete kleure) - Akademie
- 5de uitmuntende prestasie = Brons lapbalkie - Akademie
- 6de uitmuntende prestasie = Silwer lapbalkie (Prestasie kleure) - Akademie
- 7de uitmuntende prestasie = Goue lapbalkie - Akademie
- 8ste uitmuntende prestasie = Erekleure (Silwer sakwapen of volgende benoeming)

**2. Besondere prestasie:** (Sertifikaat)

Leerders wie se gemiddeld deurgaans 70% en hoër vir die jaar was.

**3. Goeie vordering:** (Sertifikaat)

Leerders wat goeie vordering deur die jaar getoon het.

**4. Erekleure:**

Leerder wat ‘n agtste Uitmuntende Prestasie ontvang.
Leerder wat ‘n gemiddeld van 90% behaal vir 3 jaar of
Leerder wat ‘n gemiddeld van 85% behaal vir 4 jaar.
(Eenmalige toekenning – op prestasiebord)

## KULTUUR TOEKENNINGS

### REVUE

Revue toekennings word elke 2 jaar toegeken vir deelname aan revue.

**Sertifikaat:**

Graad R - Sertifikaat

**Meriete**:

Eerste meriete = Wit lapbalkie

Tweede meriete= Blou lapbalkie

**Prestasie kleure:**

Eerste prestasie = Silwer lapbalkie (3de Meriete)

Tweede prestasie = Goue lapbalkie

### KUNSWEDSTRYD

Enige Eisteddfod of Kunsvereninging deelname:
5 punte vir brons (C en C+)
6 punte vir silwer (B en B+)
7 punte vir goud (A en A+)
8 punte vir diploma (A++ en A+++)
9 punte vir Fasewenner / Itemwenner
10 punte vir Trofeewenners

‘n Deelnemer kry slegs die hoogste punt per item as hy/sy dieselfde item by verskillende Eisteddfods / Kunsverenigings aanbied.

Punte verval jaarliks, dit word m.a.w. nie oorgedra nie.

*Jaarliks:*

| | | |
|---|---|---|
| Totaal 20 - 49 | - | Meriete kleure |
| Totaal 50 - 99 | - | Prestasie kleure |
| Totaal 100 - 199 | - | Erekleure |

Skriftelike bewyse moet ingehandig word. Sertifikate en Diplomas word gestempel en agterop geteken sodra punte toegeken word om die Kultuurwenner te bepaal.

## REDENAARS

**Meriete kleure**
Interne – Junior / Senior 1ste plek

**Prestasie kleure**
Provinsiale Deelname

**Erekleure**
Nasionale deelname

## BUITE SKOOLVERBAND

Inskrywings word onder die skool se naam gedoen en erkenning geskied soos met binne-skoolverband.

# SPORT TOEKENNINGS

**Goue sertifikaat:**
O/6 – O/8 – Valkie rugby, Mini-netbal / krieket

## Rugby

| Meriete Kleure | Prestasie Kleure | Erekleure |
|---|---|---|
| • Kring ligawenners<br>• Brakpan Streekspan<br>• Valke finaal naaswenners | ▪ Valke Ekurhuleni<br>▪ Valke B & C span<br>▪ Valke finaal wenners | ❖ Valke 7's A span<br>❖ Valke O/12 A span<br>❖ Cravenweek span |

## Krieket

| Meriete Kleure | Prestasie Kleure | Erekleure |
|---|---|---|
| • Kring ligawenners | ▪ Blesbokspruit Streekspan<br>▪ Blesbokspruit ligawenners<br>▪ Easterns finaal naaswenners | ❖ Easterns span<br>❖ Easterns finaal wenners |

## Netbal

| Meriete Kleure | Prestasie Kleure | Erekleure |
|---|---|---|
| • Kring ligawenners<br>• D5 uitspele (Plekke 2-4) | ▪ D5 Streekspan<br>▪ D5 wenners<br>▪ Ekurhuleni finaal naaswenners | ❖ Ekurhuleni span<br>❖ Ekurhuleni finaal wenners |

## Atletiek

| Meriete Kleure | Prestasie Kleure | Erekleure |
|---|---|---|
| • Groter Nigel span / D5 deelname | ▪ D5 span / Gauteng deelname | ❖ Gauteng span |

## Landloop

| Meriete Kleure | Prestasie Kleure | Erekleure |
|---|---|---|
| • Kring ligawenners<br>• Groter Nigel span / D5 deelname | ▪ D5 span / Gauteng deelname | ❖ Gauteng span |

## Hokkie

| Meriete Kleure | Prestasie Kleure | Erekleure |
|---|---|---|
| • Kring ligawenners | ▪ Oos-Gauteng oefengroep | ❖ Oos-Gauteng span |

## Jukskei

| Meriete Kleure | Prestasie Kleure | Erekleure |
|---|---|---|
| • Ligawenners | ▪ Direkteurs / Bondedag naaswenners | ❖ Oos-Gauteng span<br>❖ Direkteurs / Bondedag wenners |

## Skaak

| Meriete Kleure | Prestasie Kleure | Erekleure |
|---|---|---|
| • Ligawenners | ▪ D5 Individuele / Span wenners<br>▪ D5 span / Gauteng deelname | ❖ Gauteng span |

**BUITE SKOOLVERBAND**

Alle buite skoolverbandprestasies word deur die skool erken en belonings geskied soos met binne skoolverband. Indien 'n leerder buite skoolverband presteer aan 'n kode wat nie deur die skool aangebied word nie, word 'n sertifikaat van erkenning aan die leerder oorhandig, aangesien die leerder alreeds deur die klub, vereniging of instansie beloon is. Indien 'n leerder provinsiale kleure verwerf kan hy/sy 'n buitemuurse prestasiebalkie ontvang. Indien 'n leerder onder die eerste drie plekke by die S.A. Kampioenskappe kom, behaal hy/sy erekleure buite skoolverband.

Toekennings wat tydens prysuitdelings ontvang kan word.

1. Sertifikaat
2. Meriete kleure
   - Eerste meriete = Blou buite skool lapbalkie (Sport en Kultuur)
   - Tweede meriete = Brons buite skool lapbalkie. (Sport en Kultuur)
3. Prestasie kleure:
   - Eerste prestasie = Silwer buite skool lapbalkie (Sport en Kultuur) (3de Meriete)
   - Tweede prestasie = Goue buite skool lapbalkie (Sport en Kultuur)

- Derde tot vyfde prestasie - Sertifikaat

4. Erekleure
   Dubbele: Goue buite skool - Erekleure lapbalkie

## <u>DISSIPLINêRE BELEID</u>

**PROSEDURE**

1. Indien ‘n leerder **30 punte** teen sy / haar naam het, voer die voogonderwyser ‘n gesprek met die leerder en word die ouer / voog in kennis gestel van alle oortredings in die vorm van ‘n **brief**. (Groen vorm)

2. Wanneer ‘n leerder se punt tot **60** styg, voer die **<u>Adjunkhoof / Dissipline hoof</u> gesprek** met die leerder en word ‘n **detensiebrief** (Geel vorm) aan die **ouers** gestuur. Die ouer / voog is verantwoordelik vir die leerder se vervoerreëlings.

3. Indien ‘n leerder se punt tot **90** styg, voer die **<u>Adjunkhoof / Dissipline hoof</u>** en **<u>Hoof</u>** ‘n **gesprek** met die **leerder** en sy / haar **ouer** of **voog**. ‘n **Tweede detensiebrief** (Oranje vorm) word aan die ouers / voog gestuur.

4. Indien ‘n leerder na die gesprekvoering met die Adjunkhoof / Dissipline hoof se punte styg na **120**, sal die ouer / voog in kennis gestel word vir ‘n **onderhoud met die Hoof en Adjunkhoof / Dissipline hoof** (Rooi vorm), wat kan lei tot dissiplinêre aksies.

5. Indien ‘n leerder na die gesprekvoering met die Hoof en Adjunkhoof / Dissipline hoof vir **enige verdere dissiplinêre oortreding teken**, sal die ouer / voog in kennis gestel word vir ‘n onderhoud met die **<u>Beheerliggaam</u>** (Dissiplinêre komitee), wat kan lei tot verdere dissiplinêre aksies.

6. Indien ‘n leerder **herhaaldelik (5 keer) dieselfde kategorie 1 oortreding oortree**, sal **voorregte** van hom / haar **ontneem word.** Bv.:
   - Deelname aan groepsaktiwiteite soos o.a. Pouses, Vossiekaskenades, Entrepreneursdag, Gr. 7-afskeid, ens.
   - Skorsing van skoolaktiwiteite soos o.a. sport- / kultuur aktiwiteite, ens.

6. <u>Ontwrigting van akademiese tyd</u>

   <u>*Voorbeeld:*</u> ‘n Leerder wat onderrig in ‘n klas ernstig bedreig of ontwrig, word soos volg hanteer:
   Die leerder ontvang ‘n finale mondelinge waarskuwing om sy / haar gedrag te staak.
   Indien die leerder dit verontagsaam, moet die leerder 5 minute buite die klas voor die deur op die stoep afkoel en terugkom.
   Indien ‘n leerder voortgaan om die klas te ontwrig word sy/haar ouers gekontak.

**BELONINGS**

1. Indien 'n leerder vir 'n kwartaal geen oortredings begaan het nie, kan hy / sy aan die einde van die kwartaal **25 Vossiebalkie punte ontvang, asook 'n Dissipline aansteekspeldjie:**

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Kwartaal 1** | **-** | **Blou** | **- Vlak 1** |
| **Kwartaal 2** | **-** | **Silwer** | **- Vlak 2** |
| **Kwartaal 3** | **-** | **Goud** | **- Vlak 3** |

**Leerders wat gedurende 'n spesifieke kwartaal dissipline punte teen hom / haar het kan wel in die volgende kwartaal vir die vorige kwartaal se aansteekspeldjie kwalifiseer.** Die vorige aansteekspeldjie word terug gegee om die volgende een te ontvang.

- Jaarliks begin die beloningsstelsel oor vir elke leerder; dus word die speldjies aan die einde van die jaar terug geneem.
- Indien 'n leeerder se aansteekspeldjie sou verlore raak; is 'n fooi betaalbaar.

2. **Beloning as klas - 50 handtekeninge verwerf.**

Indien genoeg handtekeninge verwerf is, mag die betrokke klas se voogpersoneellid besluit watter dag die leerders een periode vroeër huis toe mag gaan.
Die verskillende optredes waarvolgens handtekenninge verwerf kan word is agterop "Dissipline vorm 2" (Aanhegsel A) aangeteken as volg:

- Samewerking in die klas t.o.v. handhawing van goeie dissipline deur nie te gesels of onderling met mekaar te sit en speel nie, ens.
- As die hele klas se huiswerk gedoen is.
- As almal se skeurstrokies die volgende dag geteken is.
- As almal se skriftelike werk 'n toonbeeld van netheid is.
- Die leerlinge betyds na pouse voor die klas aantree in ordelike stil rye of stil die klas binnegaan.
- Indien die klas 100% teenwoordig is.
- Indien die klas se terrein vir een week silwerskoon is sonder dat die Dagbestuur die klas moet aanspreek.
- Indien 'n klas tydens klaswisseling of na opening en gewyde sang ordelik volgens reëls optree.
- Indien 'n klas as geheel deelneem aan 'n projek na skoolure bv. Opruiming of tydens massadeelnames, ens.
- Die klas wat die meeste geld insamel met fondsinsamelingsprojekte.

3. Grondslagfase sertifikate om goeie gedrag te bevorder.

4. Vonkel Vossie sertifikate vir onbaatsugtige diens.

**OORTREDINGS**

Met elke oortreding, soos hieronder uiteengesit, word die oortredings op die leerder se “Dissipline vorm 1” aangeteken; met die datum van die oortreding sowel as die handtekening van die onderwyser en leerder.

**Kategorie 1 oortredings (5 - 10 punte)**

- Versuim om huiswerk te doen (5 Punte)
- Ongehoorsaam in die klas / saal / badkamer (5 Punte)
- Laatkom by skool / klas (5 Punte)
- Verantwoordelikhede ontduik (5 Punte)
- Lol met ander se eiendom (5 Punte)
- Verbode terrein (5 Punte)
- Rommelstrooi (5 Punte)
- Skooldrag / voorkoms nie volgens skoolreëls (5 Punte)
- Skrif / assessering / lêer / handboek nie by die skool nie (5 Punte)
- Dreig / intimideer / uitlokking (5 Punte)
- Oneerlik / leuens (5 Punte)
- Eet, drink of kou in klas / saal (5 Punte)

- Afknouery (Fisies / verbaal / emosioneel) (10 Punte)
- Ontwrig akademiese tyd (10 Punte)
- Weier om te werk / opdragte uit te voer (10 Punte)
- Verlaat lokaal sonder toestemming (10 Punte)
- Huiswerk aanhoudend nie gedoen nie (reeds 25 punte) (10 Punte)
- Vandalisme / Graffiti (10 Punte)

- Ondermyning van gesag / leerlingleiers, bv.: (15 Punte)
  - Onbeskof
  - Arrogant
  - Krutaal
  - Handgebare
- Ongemanierde optrede – personeellid, bv.: (15 Punte)
  - Onbeskof
  - Arrogant
  - Krutaal
  - Handgebare
- Onwelvoeglike taalgebruik / handgebare (15 Punte)

**Kategorie 2 oortredings (20 – 60 punte)**

Die Adjunkhoof / Dissipline hoof en / of Hoof hanteer kategorie 2 oortredings.

- Onaanvaarbare gedrag, bv.: (20 Punte)
  - Funksionering van die skool te ontwrig.
  - Kullery in 'n toets of eksamen of enige ander vorm van assessering.
  - Betrokke raak by enige daad van openbare onsedelikheid.
  - Matige vorm van seksuele teistering.
  - Die waardigheid van enige leerder of enige ander persoon beledig.

- Pornografie (onwelvoeglike materiaal insluitend; materiaal wat seksuele beelde in al sy vorme uitbeeld).

➢ Dreig / intimideer / Uitlokking (20 Punte)
➢ Afknouery (Fisies / verbaal / emosioneel) (Ernstig) (30 Punte)
➢ Vandalisme: Skoolvoorraad verniel / Graffiti (30 Punte)
➢ **In besit** van wapens / dwelmmiddel, bv.: (40 Punte)
- Gevaarlike wapens op skoolperseel.
- Enige vorm van dwelmmiddels; wettig of onwettig.

➢ Diefstal, bv.: (60 Punte)
- Opsetlik 'n ander persoon se eindom neem.
- Opsetlik staat- / skooleiendom neem.

➢ Vervalsing / oneerlikheid m.b.t. assesserings (60 Punte)
➢ Stokkiesdraai (60 Punte)
- Sonder enige toestemming, opsetlik, onderrig ontduik.
- Opsetlik die skoolterrein verlaat, sonder enige toestemming.
- Opsetlik sonder enige rede weg van die skool af bly.

**Kategorie 3 oortredings (90 - 120 punte)**

Die Hoof hanteer kategorie 3 oortredings (**90 punte**).

Die Beheerliggaam hanteer kategorie 3 oortredings (**120 punte**).

**'n Leerder wat hom / haar aan enige kategorie 3 oortreding skuldig maak ses maande voor die verkiesing van leerlingraad, verbeur die geleentheid om verkies te word.**

➢ Onaanvaarbare gedrag (Ernstig), bv.: (90 Punte)
- Onsedelike aanranding met die doel om ernstig te beseer.
- Ernstige intimidasie van die ander leerder of personeellid.
- Pornografie (onwelvoeglike materiaal insluitend; materiaal wat seksuele beelde in al sy vorme uitbeeld).
- Ernstige vorm van seksuele teistering.
- Funksionering van die skool deur kollektiewe optrede te ontwrig.
- Enige toets- of eksamenmateriaal versprei of in besit daarvan is.
- Opsetlike beskadiging van die staats- / skooleiendom.
- Vervalsing van dokumente.

➢ **Gebruik** van gevaarlike wapens / -dwelmmiddels, bv.: (120 Punte)
- Gevaarlike wapens op skoolperseel.
- Enige vorm van dwelmmiddels; wettig of onwettig.

➢ Wetsoortreding, bv.: (120 Punte)
- Seksuele teistering
- Verkragting
- Enige vorm van aanranding van 'n personeellid.
- Roof
- Verkoop of misbruik van onwettige middels.

**Oortredings wat tot skorsing en / of uitsetting kan lei, sluit in, maar is nie beperk tot:**

➢ optrede wat ander se veiligheid bedreig en wat die regte van ander skend;
➢ die besit, dreigement of gebruik van gevaarlike wapens;
➢ die besit, gebruik, verhandeling of sigbare bewys van narkotiese of ongemagtigde dwelms van enige aard;

- erenstige bakleiery, aanranding of mishandeling;
- onsedelike gedrag of ‘n gevloek;
- enige vorm van haatspraak, seksisme, rassisme of antisosiale gedrag;
- diefstal of die besit van gesteelde goedere, wat die diefstal of besit van toets- of eksamenvraestelle voor sodanige toets of eksamen insluit;
- onregmatige optrede teenoor en / of vandalisme, die vernietiging of beskadiging van skooleiendom wat die aanbring van graffiti sou insluit;
- oneerbiedigheid, aanstootlike gedrag en verbale mishandeling gerig teen opvoeders of ander skoolpersoneel of –leerders;
- herhaalde oortredings van skoolreëls of hierdie gedragskode;
- strafregtelike en onderdrukkende gedrag, soos verkragting en geslagsbeheerde teistering;
- viktimisasie, afknouery en intimidasie van ander leerders;
- enige middels / toebehore nie toelaatbaar vir persone onder 18 jaar nie.

## LEIERIDENTIFISERING

Leieridentifisering is belangrik in die ontwikkeling van die kind. Daar begin reeds van Graad 1 af met die ontwikkeling van die leerling se leierseienskappe. Die aantal lede wat gekies word, word bepaal deur die jaarlikse behoefte. In Graad 6 word die volgende kriteria gebruik:
(Al die punte word volgens ‘n glyskaal verwerk)

1. **Akademie**
   Daar word met die Graad 6-leerlinge se jaarpunt gewerk.
   Die leerling se gemiddeld word gebruik en verwerk.

2. **Kultuur**
   Leerlinge se deelname aan die volgende items: kunswedstryd, koor, Vossiepretgroep, redenaars en revue.

3. **Sport**
   Slegs sportsoorte wat deur die skool aangebied word:
   Atletiek, Rugby, Netbal, Krieket, Landloop, Jukskei, Hokkie en Skaak. Glyskaal word bepaal na aanleiding van prestasie.

4. **Groepdeelname – “Night @ school”**
   Tydens die middag, aand en volgende oggend word van die leerder verwag om sekere opdragte uit te voer waar hy/sy deur al die personeellede waargeneem en geëvalueer word.

5. **Makkerkeuse**
   Al die Graad 6-leerlinge maak ‘n keuse van seuns en dogters wat hulle kies vir die leerlingraad. Die aantal stemme word bymekaar getel en verwerk.

6. **Onderwyserskeuse**
   Alle personeel kan ‘n keuse maak en almal moet seuns en dogters kies. Punte word verwerk.

7. **Persoonsbeeld**
   Leieridentifiseringsvorm wat van Graad 1 af ingevul word, word gebruik om die leerling se leierseienskappe te bepaal.

8. **Leerlinggroepe / Diensgroep**
   Voogde bepunt aan die einde van die jaar, die betrokke groep se leerders volgens vasgestelde kriteria.

9. **Dissipline**
   Die dissiplinepunte van die leerder word bymekaar getel en uitgewerk op 'n glyskaal. Die punt word op die totaal afgetrek.

Die totaal word bymekaar getel en van hoog na laag gerangskik en die top leerders word as die leiers verkies. Al die punte word gekontroleer deur verskeie personeellede voor finale voorlegging.

**Hoofleiers**
Die lys van gekose leiers word alfabeties gerangskik en aan die personeel voorgelê waarna stemming vir die hoofleiers plaasvind en die finale rangorde bepaal word.

Leerlinge kan nie net in Graad 6 aan verskeidenheid aktiwiteite deelneem om punte te verwerf en in Graad 7 is daardie leerlinge baie min betrokke by aktiwiteite, sy/haar leierskap kan dan van hul afgeneem word.

## GEDRAGSKODE VIR OUERS

1. Die skoolterrein is 'n rook-, geweld- en dwelmvrye gebied.
2. Geen ouers mag gedurende skoolure personeel te woord staan nie.
3. Geen ouer mag 'n ander leerder aanspreek of berispe binne die speelgronde/skoolterrein nie.
4. Om lojaliteit te verseker, word ouers versoek om dadelik met die skool kontak te maak indien 'n probleem ondervind word sodat dit so spoedig moontlik uitgesorteer of aangespreek kan word.

## TOELATINGSBELEID: RISIKO VAN SKADE OF VERLIES

Aansoekers word daarop gewys dat die Skool geen aanspreeklikheid aanvaar vir skade aan, die vernietiging of verlies van enige eiendom, wat deur die leerder of sy/haar ouer(s) op die Skoolperseel gebring word, ongeag wie sodanige skade, vernietiging of verlies veroorsaak, hoe dit veroorsaak word, of dit deur iemand se optrede of versuim veroorsaak word, en of dit opsetlik of weens nalatigheid veroorsaak word. Leerders word aangemoedig om na enige eiendom wat op die Skoolperseel gebring word om te sien, en aansoekers en ouers van leerders word aangemoedig om self die nodige versekering teen sodanige skade, vernietiging of verlies uit te neem.

**J LOUWRENS**
**HOOF**

## SKOOLLIED

Waar ruimtes roep en grasland vry
oor Hoëveldse vlaktes sprei;
staan Tini Vorster Laerskool-
van hoë strewe 'n simbool:
Getrouheid, reinheid, hoop, geloof –
dit rig ons hart, dit lei ons hoof!
Ons min die skone, want dit is
'n kosbaar, lieflik erfenis.

Soos die Karee wat wind en weer
met taai volharding kan trotseer,
staan ons ook vas, gewortel in
'n Vaderland wat ons bemin.
Ons sal steeds saamstaan: kragtig, trou,
eendragtig aan ons toekoms bou.
Ons sal nie vrees nie, want ons glo
dat God ons rig en lei van bo.

**REFREIN**

Swaai hoog die vaandel, want ons dra
die toekoms van Suid-Afrika
in hande klein, wat werk en bou
in harte rein, vol liefd en trou.
En as jy om 'n offer vra,
dan sê ons: **"Ja, Suid-Afrika!"**

## *Erekode*

1. Ons glo in God, die Vader ...
2. Ons glo dat ons 'n lewenstaak het, getrou moet wees en ons plig moet doen.
3. Ons glo in diens aan ons skool, gemeenskap, land en volk.
4. Ons glo aan ons leuse: Saamstaan en bou.
5. Ons glo in eerlikheid, hulpvaardigheid en vriendelikheid.
6. Ons glo dat ons gedagtes, woorde en dade rein moet wees.
7. Ons glo daarin om ons moedertaal suiwer te hou.
8. Ons glo dat ons ons ouers, meerderes en medemens moet eer.
9. Ons glo daarin dat ons moet waak teen vervlakking en liberalisme.
10. Ons glo: Met ons land en met ons nasie sal dit wel wees, God Regeer!

## *Kinders leer wat hulle leef!*

1. As 'n kind met kritiek leef, leer hy om te veroordeel.
2. As 'n kind met vyandigheid leef, leer hy om te twis.
3. As 'n kind met bespotting leef, leer hy om sku te wees.
4. As 'n kind met skande leef, leer hy om skuldig te wees.
5. As 'n kind met aanmoediging leef, leer hy selfvertroue.
6. As 'n kind met eer leef, leer hy om te waardeer.
7. As 'n kind met regverdigheid leef, leer hy geregtigheid.
8. As 'n kind met sekuriteit leef, leer hy om geloof te hê.
9. As 'n kind met goedkeuring leef, leer hy om van homself te hou.
10. As 'n kind met aanvaarding leef, leer hy om liefde in die wêreld te vind.

**<u>ONDERRIGGELDE 2026</u>**

**<u>Graad R – 7</u>**

---

**<u>ONDERRIGGELDE PER LEERDER</u>**

- **R1 203-34 per maand vanaf Januarie tot Desember 2026**
- **Totaal vir jaar betaalbaar: R14 428-08**
- **Indien ten volle betaal voor einde Desember 2025 ontvang u 15% korting: R12 263-87 per leerder**
- **Indien ten volle betaal voor einde Februarie 2026 ontvang u 10% korting: R12 985-27 per leerder**

---

**<u>KONTAK INLIGTING:</u>**
**WEBBLAD: www.tinivorster.co.za Kontaknommer: 011-814 6470/1**

**Epos adresse:**

**Algemene navrae en hoof: admin@tinivorster.co.za**
**Leerlingsake: leerlingsake@tinivorster.co.za & personeel@tinivorster.co.za**
**Finansies: finansies@tinivorster.co.za**

**Klerebank tye: Dinsdae en Donderdae 13:30 tot 14:30**

**<u>Tema van die jaar 2026</u>**
**"Stel julle vertroue in die Here julle God".**
**(2 Kon. 20:20)**


LAERSKOOL TINI VORSTER
Naskool sentrum
LAERSKOOL TINI VORSTER
NIGEL
SAAMSTAAN EN BOU
ONS EIE
Jou kind is kosbaar en maak saak.
Ons gee:
AANDAG, LIEFDE en DISSIPLINE.
Ons maak seker jou kind se magie is vol en hul huiswerk is gedoen.
GR1-GR7
R700 P.M
Hulp met huiswerk
Vakansie aktiwiteite
Doelgerigte speel aktiwiteite
Lekker middagete
KONTAK
GERALDINE 0825583333
MARISKA 011 814 6470/1


RE/MAX
RE/MAX
INTEGRITY
016 341 6115
JEANETTE
072 381 2644
NIC
082 746 9295
HELAY
072 848 4003
www.remax-integrity.co.za
Each Office Independently Owned and Operated